
# Eldo-Gespreksgids

Deut. 6

In **Deuteronomium 6:1-5** sien ons hoe Moses die wet aan die nuwe generasie Israeliete verduidelik aan die einde van die 40 jaar wat hulle in die woestyn is. Die kern vers van hierdie gedeelte, is die bekende “Shema” frase wat beteken ons aanbid *net* vir God. Ons het nie ander gode nie. Nou vandag neem ons dit eintlik as vanselfsprekend dat daar net een God is en dat ons daarom net een God aanbid, so dis nie vir ons ‘n probleem nie. Die probleem kom liewers in by die *aanbid* self. Met ander woorde, dit is nou nie meer ‘n geval van God is die *enigste* een nie, liewers dis nou ‘n geval van God is die *belangrikste* een. Vandag is daar baie dinge (soos kinders, skool, werk, familie) wat elk sy eie stukkie tyd in ons lewe benodig en waarmee God moet kompeteer. In hierdie rasionele, gejaagde wêreld waar alles sy plekkie moet kry, is ons geneig om geloof soms af te skeep. God word net nog iets wat ons in ons dagboek iewers kan indruk. So, hierdie hele gedeelte en spesifiek die Shema frase is vir ons vandag ‘n oproep, “Luister *Eldoraigne Familiekerk*, die Here is ons God, Hy alleen.” Nie jou werk of jou skool of dit wat jy doen vir ‘n dag-tot-dag lewe nie. God is die belangrikste en ons moet hom ook so hanteer. Ons moenie toelaat dat die wêreld rondom ons, ons so insuig dat ons al hoe minder God deel en betrokke maak van ons lewe nie. Ons moet ons tyd en dag rondom Hom eerder beplan as om te kyk waar ons Hom in ons dagboek kan indruk. Maar, nou is die vraag, hoe doen ons dit? Hoe lyk tyd saam met God? Hoe spandeer ons tyd saam met God?

Daar is verskillende maniere hoe ons God kan ervaar of tyd saam met God kan spandeer. Verskillende maniere hoe ons ‘n verhouding met Hom kan hê.  En dit noem ons die verskillende spiritualiteitstipes, en daar is hoofsaaklik 4 van hierdie tipes waarby elke persoon by een of dalk selfs meer aanklank vind of ‘n voorkeur mee het. Die eerste spiritualiteitstipe is die “kop”. Hierdie tipe ervaar God die meeste wanneer hulle diepe Bybelstudie doen en navorsing oor die Bybel. Hulle hou byvoorbeeld van Bybelskool en om oor sekere Bybel vrae na te dink en selfs te debatteer. Die tweede spiritualiteitstipe is die “hart”. Hulle ervaar God ten diepe deur gevoelens en persoonlike verhoudings. Hulle is daarom ook lief daarvoor om christelike musiek te luister. Die derde noem ons die “Mistieke”. Hulle ervaar God die meeste deur stilte en ontsag. Deur alleen te wees, dalk deur ook ‘n kersie aan te steek, kan hulle waarlik stil word voor God en so sy teenwoordigheid ervaar. Mense wat ook sterk God in die natuur beleef, het so ‘n mistieke spiritualiteitstipe. Die vierde en laaste tipe is die “hande”. Die doeners. As hulle iets kan doen vir iemand, soos by ‘n sopkombuis kan werk, vir armes kan help, vir mens in die ouetehuis gaan kuier, of Bybels kan uit deel, dan ervaar hulle God ten diepe – wanneer hulle in diens gestel word in God se koninkryk.




Al hierdie 4 spiritualiteitstipes is maniere hoe ons tyd saam met God kan spandeer. En dit moet ons gebruik om jou ons saam met God in te kleur. As jy ‘n kop tipe is, doen Bybelstudie. As jy ‘n hart tipe is, luister worship musiek. MAAR ons moet oppas dat ons nie net by daardie spiritualiteitstipe bly nie. In werklikheid is AL 4 nodig vir volkome geloofsvorming en om volkome in ons verhouding met God te groei. So gaan beoefen al die verskillende spiritualiteitstipes. Gaan loop in die natuur, gaan doen iets vir iemand, gaan sing jou bors uit voor God (al kan jy nie sing nie), gaan delf diep in God se woord, steek ‘n kersie aan, word stil voor God. Gaan aanbid God met jou hele wese, want daar staan tog: “Jy moet die Here jou God met hart en siel liefhê en met al jou krag.”

## Gespreksvrae

1. Wat is dit in ons lewe waarmee God soms kan kompeteer vir tyd?
2. Hoe kan ons intensioneel streef om tyd te maak vir God?
3. Uit die 4 spiritualiteitstipes, watter een (of twee) vereenselwig jy die meeste mee?
4. Hoe kan ons die tipes waarmee ons nie noodwendig vereenselwig nie, deel maak van ons geloofslewe?

ELDORAIGNE FAMILIEKERK
Hiér maak JY saak